## AFDELING B.

## 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN KUNSONDERWYS AAN DIE TRAANSVAALSE LAERSKOOL.

## HOOFSTUK IV.

## DIE DOEL VAN KUNSONDERWYS.

### 1. Inleiding, Moontlike Oriëntasies en Funksies.

Die moderne doelstellings van kunsonderwys in die laerskool is afgelei uit stellings van die verlede en is heraangepas by moderne vereistes. Omdat hulle uit 'n verskeidenheid van beskouinge en tydsomstandighede voortspruit, bestaan daar tans ook nog geen eenstemmigheid nie. Vir ons bespreking is dit dan noodsaaklik om eers kortliks op die tipes en variasies van doelstellings te wys.

#### a. Moontlike Kategorieë.

Histories kan ons die doelstellings onder drie kategorieë klassifiseer, naamlik die kulturele, akademiese en ekonomiese doelstellings.

Die kulturele doelstelling strewe daarna om die kind se lewe op die gebied van kuns ryker te maak deur sy belangstelling in en kennis van die kuns te verbreed en te verdiep, en deur voorsiening te maak vir 'n verhoogde waarderingsvermoë vir die natuur en vir kunsprodukte in die skone en industriële kuns.

Die akademiese doelstelling bestaan veral uit drie onderafdelings:

(i) visueel: die oefening van die oog in analitiese ruimtewaarneming en in die onderskeiding van visuele hoedanighede soos lyn, vorm, nuanse en kleur ten opsigte van verskille, ooreenkomste en kombinasies;

(ii) intellektueel: die ontwikkeling van die geheue om 'n grafiese woordeskat op te bou, en van die verstandelike vermoë om die elemente van kuns (lyn, vorm, nuanse, kleur)

voorstellend en skeppend te kan gebruik.

(iii) motories: die aankweking en vorming van motoriese koördinasies.

Die ekonomiese doelstelling is hoofsaaklik utilitaristies en industrieël geöriënteer. Hier word veral die ontwerpaspek in vervaardigde artikels beklemtoon, beide vanuit die produsent en die verbruiker se oogpunt.

In die historiese ontwikkeling van die kunsopvoeding kan dan die swaartepunt of by die kulturele, of die akademiese of die ekonomiese doelstellings lê, al na gelang van heersende nasionale tradisies, behoeftes van die tyd, opvoedkundige dogmas en ander soortgelyke invloede.

b. Moontlike Funksies.

Elkeen van bogenoemde doelstellings kan dan een of meer van die volgende funksies van kuns inhou.[1]

(i) Mededeling: Dit is die gebruik van grafiese en plastiese kuns as 'n middel vir inligting en uiting van gedagtes sonder inagneming van die skoonheidsgevoel.

(ii) Waarneming: Dit is die bevordering van persepsuele leer deur realistiese waarneming; die versterking van die begripsvermoë deur visuele leer. Die funksie is hier meer voorbereidend as utilitaristies.

(iii) Opbouing: Hieronder verstaan ons die konstruktiewe bydrae om die huislike en sosiale omgewing aantrekliker voor te stel, dit wil sê om bevrediging en genot te vind en te gee.

(iv) Keuring: Dit beklemtoon oordeelkundige seleksie van die kant van die verbruiker; as motief dien die estetiese verheffing van die lewensstandaard. Hierdeur word die kunssin en estetiese oordeelsvermoë ontwikkel deur 'n bestudering van kunskwaliteite in voorwerpe.

(v) Waardering: Dit behels estetiese oorpeinsing

---

1. Sien: Nyquist: Art Education in Elementary Schools, 21-37.

en estetiese waardeberekening. Dit bevorder dus estetiese genot deur die bestudering van die natuur sowel as van grafiese en plastiese kunsprodukte ten opsigte van hulle skoonheidsaspekte.

c. <u>Moontlike Rigtings.</u>

Uit hierdie funksies kan dan twee definitiewe rigtings afgelei word waarop doelstellings kan afstuur, naamlik kuns as 'n taal en kuns as skoonheid. Analoog met die Afrikaanse Opstel word kuns gelees en geskryf as 'n taal, maar analoog met die Afrikaanse letterkunde word kuns geniet en gewaardeer ter wille van sy skoonheid. In die geval van mededeling en waarneming fungeer kuns dus as 'n taal, maar in die geval van opbouing, keuring en waardering, as skoonheid. Albei behels die produsent sowel as die verbruikersaspek. Terwyl mededeling en opbouing veral die skeppende funksie beklemtoon, word by waarneming, keuring en waardering veral die verbruikende funksie benadruk.

| Kategorie: | Funksie: | Rigting: | Aspek: |
|---|---|---|---|
| Kultureel | Mededeling<br>Waarneming | Kuns as Taal. | Produsent en Verbruiker. |
| Akademies | Opbouing | | |
| Ekonomies | Keuring<br>Waardering | Kuns as skoonheid. | |

Bogenoemde uiteensetting van moontlikhede vir doelstellings sal die historiese oorsig vergemaklik.

2. <u>Die Ontwikkeling van Insidentele tot Formele Kunsopvoeding tot 1900.</u>

a. <u>Insidentele Opvoeding deur Huis en Gemeenskap.</u>

By die Voortrekkers wat hulle oorkant die Vaalrivier gevestig het, was daar vir 'n aantal jare geen sprake van gereelde skoolonderwys nie, en tog is die opvoeding van die kinders geensins verwaarloos nie. Enkele onderwysers het wel die trek meegemaak, maar hoofsaaklik was die Voortrekkerouers, veral die moeders, vir die onddeerrig en opvoeding verantwoordelik. Hierdie opvoeding was eg en kerngesond, 'n voorbereiding vir die eise van die praktiese lewe volgens die omstandighede van die tyd, sowel as 'n voorbereiding vir

alle opsigte 'n praktiese opvoeding, essensieel godsdienstig van aard.[1)]

Hoewel hier nie 'n georganiseerde en doelbewuste kunsopvoeding verskaf is nie, is hierdie aspek van die lewe wel deeglik en intiem in die Voortrekkergemeenskap beoefen. Soos die ou kultuurvolke was ook hierdie pioniers van ons land in noue aanraking met die natuur en het hulle respek en bewondering vir hulle nuwe omgewing geopenbaar. Ook hulle het kuns voortgebring, wat getuig van 'n intieme en opregte openbaring van hulle sielelewe. Getuienis hiervan is nie in geskrifte nie maar in ons museums nagelaat. Dit is nie manifestasies van intellektuele kennis en van gekultiveerde kunssinnigheid van 'n hoog ontwikkelde volk nie, dit is openbarings van 'n egte naïwiteit. Ons noem dit Volkskuns of boerekuns. Op 'n natuurlike wyse, sonder enige vreemde invloed van elders, het hulle die kiem gelê vir 'n eie, nasionale kuns.

In hierdie atmosfeer het die kinders opgegroei en hoewel hulle nie doelbewus onderrig in kuns ontvang het nie, sou hulle wel op hierdie indirekte invloed kon voortbou. Dit was vir die kinders 'n spontane uitingsaktiwiteit wat nie deur die ouers verkleineer of verdoem is nie, maar wat aangemoedig en bevorder is. „Die Afrikaner het op trek sy kulturele ontwikkeling bly handhaaf en waardeer".[2)]

Hierdie toedrag van sake het nog etlike jare aangehou. Die estetiese opvoeding en die beoefening van kunsaktiwiteite het nie doelbewuste aandag geniet nie maar is deur die huislike opvoeding bepaal. Ook deur die Van der Hof-reglement van 1859 is kuns nog nie in die skoolleerplan opgeneem nie.

Politieke twiste en burgeroorlog het in die jare 1860-1862 die onderwys byna tot stilstand gebring. Die nuwe Onderwyswet vir die Republiek van 1866 het min bevrediging gegee.

Deur president Burgers se Konsep-Onderwyswet van 1874 is onderwyssake weer in 'n groot mate herstel. Vir die meer

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 12.
2. T.a.p., 15.

uitgebreide laer onderwys is 'n sekere mate van kunsonderwys in die vorm van tekene ingesluit. Voordat hierdie aanbevelings egter in die praktyk toegepas kon word, is Transvaal deur Engeland geannekseer (April 1877), en is kuns deur die nuwe Superintendent van Onderwys, J.Vancy Lyle, weer heeltemal op die agtergrond geskuif.

b. Formele Tekenonderrig op Skool.

Op 8 Augustus 1881 word Transvaal weer 'n vrye republiek. 'n Nuwe bloeityd vir die onderwys het aangebreek. Aanvanklik was daar nog die probleem van 'n tekort aan goed opgeleide onderwysers. Onder die Superintendentskap van N. Masnvelt word nou vir die eerste keer ook tekenonderrig in die leerplan opgeneem, hoewel nog nie verpligtend nie.[1] Om onderwysers op hoogte van sake te bring met hierdie nuwe vak, word 'n lys aanbevole boeke gegee. Hiervan is ook wel deeglik gebruik gemaak, soos blyk uit 'n verslag van die bibliotekaris in die jaarverslag van 1895. Tekenonderrig word veral ter voorbereiding vir die praktiese lewe aanbeveel. Die doelstelling was dus hier akademies.

Tekene sou later wel ook in die algemene laerskoolleerplan opgeneem word, want Mansvelt se beleid was een van ewolusie. Dit spreek ook duidelik uit die feit dat hy sy inspekteurs verplig het om ook oor die nie-verpligte vakke te rapporteer.[2] Ons sou dan dieselfde ontwikkeling kon verwag het soos onder sy tydgenoot in die Kaap, dr. Thomas Muir. Maar andermaal het oorlog die onderwysontwikkeling omver gegooi. (Die Tweede Vryheidsoorlog 1900-1902)

3. Tekene as Taal; 'n Ingevoerde Oriëntasie, 1900-1924.

Uit die puin van die oorlog het geleidelik 'n nuwe stelsel ontwikkel waarop ons huidige stelsel gebaseer is. In 1903 is die nodige regulasies in verband met die nuwe onderwyswet uitgevaardig. Tekene verskyn nou in die vaste

---

1. Schoolgids 1892.
2. T.a.p., 1895.

leerplan vir die laerskool.[1] Hier vind ons dan die begin van die ontwikkeling van ons moderne kunsonderwys.

Waar ons op grond van die Mansvelt-regime 'n natuurlike ontwikkeling, 'n natuurlike ewolusie van kunsondderrig ooreenkomstig die nasionale eise en behoeftes van die volk kon verwag het, het ons hier nou te doen met die oordraging van oorsese, in besonder Britse doelstellings, standaarde en beginsels in tekenonderwys, toegepas op 'n volk wat nog nie die ontwikkeling soos die Britse volk agter die rug gehad het nie. Die gevolg was dat hierdie nuwe vak nie alleen vir die ouers nie maar veral vir die kinders baie vreemd voorgekom het.

a. 'n Suiwer Akademiese Doelstelling.

Die Britse opvoedkundiges het van die gedagte uitgegaan dat soos 'n kind eers moet leer skryf voordat hy sy gedagtes in skrif kan neerlê, net so moet hy eers leer om korrek te teken voordat hy sy idees in tekenvorm kan weergee. Immanuel Kant het dan ook verder beweer dat vir teken en modelleerwerk 'n kennis van meetkunde noodsaaklik is.[2] Tekene is beskou as 'n taal. Die doel was suiwer akademies naamlik :

(i) visueel: om die oog te oefen,

(ii) intellektueel: om 'n grafiese woordeskat op te bou en

(iii) motories: om spierkontrole en -koördenasies te verwerf.

Die funksie van tekene was suiwer mededelend en waarnemend. In die leerplan word daarom die klem gelê op werk in massas, buitelyne en modelleer, bewegings vanuit die skouer, elmboog en gewrig van die hand. Tekenonderrig moes dus bydra tot die waarnemende leervermoë van die leerling. So beweer Freeman: "Drawing, (like writing) also includes both the recognition of form and its representation, but in this case

1. Report of Director of Education O.R.C. & Transvaal, 1900-1904; 119-121. (Drawing Syllabus, 42)
2. Buchner: The Educational Theory of Immanuel Kant, 175.

the element of recognition is more prominent, and therefore drawing is taken as an illustration of perceptual learning.[1)]

Dit is dan opvallend dat tekenonderwys in die begin geensins uitgegaan het van die belangstelling en genot van die kind nie, maar dit moes slegs bydra tot die ontwikkeling van motoriese gewoontes en logiese denke en is dus baie formeel aangebied. Ook die regulasies vir tekenonderwys soos vervat in die kode van 1906[2)] is op dieselfde doelstelling gebaseer.

Met die aanstelling van die heer John S.Adamson as Direkteur van Onderwys in 1905 is 'n nuwe belangstelling in en rigting aan tekenonderrig gegee. Sy ampstermyn het "in die teken van 'n nuwe begin gestaan en die moontlikheid aangetoon van 'n onderwysstelsel in ooreenstemming met die tradisies en aspirasies van altwee seksies van die bevolking."[3)] In 1907 is die nuwe Onderwyswet dan ook aangekondig. „Die Onderwyswet van 1907, waarvan die name van generaal Smuts en dr. Adamson onafskeidelik verbind is, het sonder twyfel meegewerk tot 'n beter verstandhouding tussen die rasse onderling en die ideaal van nasionale eenheid in daardie tyd verlewendig."[4)]

b. 'n Utilitaristiese Doelstelling: Nuttigheid van Realiteitsbeskrywing.

Deur die geskrifte en organisasiewerk van dr.Adamson is die utiliteitsteorie van Spencer ook in die Transvaalse onderwys opgeneem. Volgens hom behels die term „prakties" drie ideale, naamlik die utiliteitsteorie van Spencer, die ideale van die hervormers om die werksplek in die plek van die klaskamer te stel en die ideaal van praktiese handvaardigheid.[5)]

---

1. Freeman: The Psychology of the Common Branches, 34 & 45.
2. Provisional Code of Regulations for Elementary Schools,1906
3. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 69.
4. T.a.p., 73.
5. Departement van Onderwys Transvaal: Bepalingen voor Lagere Scholen en Middelbare Scholen en Afdelingen voor Blanke Kindere, 1909, 4.

„... opvoeding moet voor het leven voorbereiden, moet het vermogen nauwkeurig, zelfstandig en zelfvertrouwend te denken, sterken, en lichaamlike vaardigheid en welvaart ontwikkelen. In deze drie betekenissen moet de opvoeding prakties wezen."[1] Adamson eis dat veral in die laer afdeling van die laerskool die waarnemings- en vergelykingsvermoë ontwikkel moet word deur 'n sorgvuldige studie van die natuur.

Hierdie doelstelling vir die algemene onderwys raak dan ook die doelstelling vir tekenonderrig. Hoewel daar 'n groot ooreenkoms met die doel van 1903 bestaan, lê die wesensverskil egter daarin dat die utilitaristiese, die ekonomiese aspek nou meer op die voorgrond tree. Uit die leerboek "How to teach drawing" deur T.R.Ablet, wat in dié dae deur onderwysers gebruik is, kan die doelstelling soos volg saamgevat word: [2]

Opvoedkundige tekenwerk (educational drawing) is waardevol as 'n oefening vir die volle ontwikkeling van sekere verstandelike vermoëns en eienskappe. Dit hou dan die volgende funksies in:

(i) Die waarneming van estetiese eienskappe word aangewakker. „A well-taught student of but average ability is likely to produce better work than is possible to a genius badly instructed."

(ii) Akkurate waarneming en denke word bevorder. „... every minute particular of an object must be carefully noted."

(iii) Die grafiese geheue word verbeter. „... to enable the mind to gain correct impressions which may be retained as so much stored-up observation."

(iv) Die verbeelding word geoefen. „The mind must form a mental picture in connection with dictated drawing."

(v) Die skeppings- en uitvindingsvermoë word geprikkel. „By its (drawing) aid a perfectly accurate idea of an

---

1. Departement van Onderwys, Transvaal: Bepalingen voor Lagere Scholen en Middelbare Scholen en Afdelingen voor Blanke Kinderen, 1909, 5.
2. Sien Ablet: How to Teach Drawing in Elementary

object, which exists only in the brain of the designer or inventor, may be given".

(vi) Koördinasie tussen verstand, oog en hand word beoefen. „Quickness and cleverness in almost any kind of work depend on the extend to which the eyes and hand have been trained."

(vii) Die beskrywingsvermoë word versterk. „The employment of precise language and nomenclature is to some extent necessitated by dictated drawing."

Opvoedkundige tekenwerk vergemaklik die behartiging van ander vakke. Teken is 'n middel om feite in verband met rekenkunde, aardrykskunde, geskiedenis, natuurstudie en wetenskap te verduidelik. Meetkunde word deur middel van teken geleer, soos rekenkunde deur middel van syfers. Die skrif- en tekenaktiwiteit word as sinoniem beskou, daarom moet vroegtydig deur middel van tekenonderrig die gesigs- en tassin ontwikkel word.

Hierdie suiwer akademies-utilitaristies georiënteerde doelstelling word heelhartig onderskryf deur Rawson, destydse inspekteur vir kuns onder die Kaapse Onderwysdepartement. Volgens hom moet tekene beoefen word nie met die doel om mooi prentjies voort te bring nie, maar om te dien as 'n middel om die uitingsmoontlikhede van die kind te versterk. Teken moet onderrig word as 'n taal en nie as 'n kuns nie; dit moet gebruik word as 'n instrument en nie as 'n speelding nie.[1) Vergeleke met die moderne opvatting van kunsonderwys beskou Rawson tekene ook as 'n uitingsmiddel, maar vir hom is dit slegs die uiting van die mens se waarnemings in die natuur, soos duidelik blyk uit die opskrif van sy inleiding: „Drawing as a means of expression of man's observations from nature".[2) Hy grond sy beskouing op die ontwikkeling van die tekenkuns by die primitiewe volke, want ook by hulle is dit uitings van

1. Rawson: A Manual of Drawing, Part I, 4.
2. T.a.p., 1.

natuurwaarnemings. „Nature is man's first and last library; as a child he must be taught to read some of nature's volumes. ... From nature to literature and the fine arts is a more natural an speedy progress than from literature and the fine arts to nature."[1]

c. <u>Uitvoering in die Praktyk: neiging tot beroepskundige doel.</u>

Tekenonderrig was in die praktyk egter nie baie suksevol nie, soos uit inspekteursverslae blyk. Dit kan in die eerste plek toegeskryf word aan onvoldoende opleiding van die onderwysers. Inspekteur Corbett rapporteer byvoorbeeld in 1907 : „The result appears to depend upon the recruitment of staff. If some of these are Home (England) or Transvaal trained then some attempt is made to cope with the drawing syllabus."[2] In die tweede plek het die neiging ontstaan om die praktiese opvoeding as beroepskundige opvoeding te beskou. So kla die Raad van Onderwys in hulle verslag van 1914 byvoorbeeld oor die agterlikheid van leerlinge met betrekking tot een of ander beroep of ambag nadat hulle die skool verlaat het, „dat hij (die leerling) in een 'cul de sac' verzeilt raakt, en dat hij na enige jaren van werktuiglike eenvoudige arbeid valt in de gelederen van de onbruikbare mensen."[3] Ook word in hierdie verslag gekla oor die algemene opvatting dat alle handearbeid as benede die waardigheid van die blanke beskou word. Inspekteur Thompson wys dan ook daarop dat die indiwiduele neiging van 'n kind, indien ontwikkeld, op 'n toekomstige beroep soos ingenieurswese of argitektuur mag dui.[4]

d. <u>Neiging tot Kulturele Doelstelling.</u>

Gedurende en onmiddellik na die eerste wêreldoorlog is die ontwikkeling op die gebied van kunsonderrig gestrem veral deur 'n groot tekort aan leermiddels. 'n Groot

---

1. Rawson: A Manual of Drawing, 3.
2. Verslag van Direkteur van Onderwys, 1907, 64.
3. Tweede Verslag van die Raad van Onderwys 1914, 10.
4. Verslag van Direkteur van Onderwys, 1914, 118.

aantal onderwysers het egter nou uit die Kaapprovinsie ingestroom en het ook nuwe idees saamgebring, met die gevolg dat daar ook ten opsigte van die doelstelling van tekenonderrig 'n klein verskuiwing plaasgevind het. Waar tot dusver die praktiese en beroepskundige aspekte beklemtoon is, duik nou die neiging op om die estetiese-kulturele aspek meer op die voorgrond te bring. Reeds in 1917 beveel die Onderwyskommissie aan dat elke kind in die provinsie „zoowel voor zijn genoegen als voor zijn nut" behoort te teken.[1] In sy verslag van 1923 meld die direkteur dat opvoeding al hoe meer as 'n middel tot sosiale welvaart beskou word, en dit sluit ekonomiese welvaart in. „Vocational training must be made cultural and cultural training is as likely as not to be indirectly vocational. We must not throw away the baby with the bath."[2]

4. Die Ontwikkeling van die Waarnemende na die Verbeeldende Uiting, 1924-1936.

Gedurende die jare 1924 tot 1928, onder die direkteurskap van H.S.Scott, het daar andermaal 'n reoriëntasie van tekenonderwys plaasgevind. Reeds in 1923 het inspekteur Botha daarop gewys dat die hele skoolsisteem 'n radikale verandering sal moet ondergaan om kinders vir die lewe met al sy vertakkings te kan voorberei. „Ons skool moet minder penlekkers en meer produsente lewer."[3] Die nuwe leerplan wat die kind se natuurlike neiging tot grafiese uiting beklemtoon, kom in die praktyk nog nie tot sy reg nie. So kom dr. Gutsche in 1925 tot die gevolgtrekking dat ons onderwyssisteem vir die kinders te onderdrukkend is. „Hulle (kinders) moet geleentheid vir ekspressie kry."[4]

a. Beklemtoning van indiwiduele behoeftes en vermoëns.

Die pendulum het na die ander rigting begin

---

1. Onderwyskommissie 1917: Administrateurs-kennisgewing, no. 416, 24.
2. Verslag van die Direkteur van Onderwys 1923, 17.
3. T.a.p., 1923, 131.
4. T.a.p., 1925, 131.

swaai: van teken as 'n instrument vir intellektuele ontwikkeling en voorbereiding vir die praktiese lewe na tekene as 'n genotervaring, 'n spel en 'n uiting van die kind se aangebore verbeeldingsvermoë. Die oriëntasie het verskuif van wat die kind behoort te weet na wat die kind se aangebore vermoë en belangstelling werklik is naamlik sy verbeeldingsuiting.

(i) „Dit spreek vanself dat hierdie nuwe aanpassing van tekenonderwys by die kind se vermoëns en belangstellings heelwat onsekerheid omtrent die funksie daarvan meegebring het. Om diensdoende onderwysers te hulp te kom, is gebruik gemaak van die dienste van mnr. Green, van die Johannesburgse Onderwyserskollege, wat skole besoek en deur lesings inligting aan onderwysers verskaf het. Op nuut word daarop gewys dat die sielkundige aspek van die kind op die voorgrond moet staan, sy indiwiduele potensialiteit en oorspronklike uiting in plaas van slegs sy uitings van waarnemings in die natuur. Die waarde van tekenonderrig lê in die genotervaring van die kind en nie in utilitaristiese of selfs sedelike en estetiese opvoeding nie. 1) „Die werk sal die vorm aanneem van teken as 'n spel, die uitdrukking van beelde wat 'n eerste plek inneem in die verbeelding."2)

(ii) Hierdie doelstelling van vrye verbeeldingsuiting beklemtoon die produsent se aspek. Die verbeelding van die kind moet spontaan tot uiting kom in sy skeppende werk. Die kind is nie 'n afskrywer van sigbare dinge nie, maar 'n beskrywer van onsigbare dinge. „... the drawing which they do is from mental thoughts and ideas, not from concrete things which at the moment are visible to the eye."3) Waarneming word nou op die agtergrond geskuif; „Does not object drawing survive as a school subject because of the power of tradition and not

1. Green: How to teach Drawing, 9-10.
2. Departement van Onderwys, Transvaal: Regulasies betreffende laerskole vir blanke kinders, 1929, 55.
3. Green: How to teach Drawing, 11.

because of any psychological or educational value it may possess?"[1] Verbeeldingstekene vorm die basis van tekenonderwys. Tekene word dus as 'n taal beskou en nie langer as 'n aktiwiteit om sigbare dinge te beskryf nie.

b. <u>Neiging tot beklemtoning van sosiale behoeftes.</u>

Die radikale ommeswaai ten opsigte van algemene oriëntasie en doelstelling kon in die praktyk nie maklik tot uitvoering gebring word nie. Diensdoende onderwysers het bly vaskleef aan die akademiese opvatting van tekenonderrig. So rapporteer inspekteur Moir Robb in 1927 dat die leerplan wel baie bedagsaam opgestel is, maar dat die doel en moontlikhede nie altyd begryp word nie.[2] Uit ander inspekteursverslae blyk dat baie onderwysers wel pogings aanwend om te voldoen aan die uitingsbehoefte van die kind se verbeelding, maar oor die algemeen word daar nog 'n groot leemte aangevoel.

Saam met die indiwiduele het nou ook die sosiale behoefte op die voorgrond getree. Inspekteurs dring herhaaldelik daarop aan dat die kulturele en die estetiese ontwikkeling van leerlinge meer beklemtoon moet word. Altwee eienskappe kan egter alleen in en deur 'n gemeenskap tot openbaring kom. Onderwysers het nou in die donker rondgetas. Die neiging het ontstaan om oor te slaan van die produsent na die verbruikeraspek in tekenonderrig. As uitgangspunt is nou aanvaar 'n skeppende uiting in belang van die gemeenskap en die praktiese lewe. Die doel van kuns word nou beskou uit die oogpunt van die gemeenskap in plaas van uit die kind se standpunt. Inspekteur Botha wys dan ook daarop dat die ernstig gesinde burger die gehalte van ons opvoeding aan die produk beoordeel en nie alleen aan die eksamenuitslae nie.[3]

Die doel en strewe van tekenonderwys het by diensdoende onderwysers nou heeltemal vervaag. Daar was 'n dringende behoefte aan helderheid.

---

1. Green: How to teach Drawing, 11.
2. Verslag van Direkteur van Onderwys 1927, 100.
3. T.a.p., 1931, 41.

5. Kuns as Skoonheid; Beklemtoning van Skeppende Uiting: 1936-1950.

Op aanbeveling van die Nasionale Buro van Onderwys en Maatskaplike Navorsing is in 1936 Arthur Lismer van die Kunsgalery van Toronto deur die vier provinsies uitgenooi om onderwysers oor tekenonderwysaangeleenthede toe te spreek. Sy besoek was 'n kragtige bydrae tot 'n nuwe uitkyk. Die term "tekenonderwys" word nou vervang deur „kunsonderwys". Reeds in die volgende jaar kom inspekteur Viljoen en Gardiner tot die bevinding dat daar 'n hele omwenteling by die onderwys van kuns plaasgevind het. „Haas in alle skole word daar deur die leerlinge werklike nuttige praktiese werk gedoen, en soms word kunswerk van 'n hoë peil in verband met hierdie vak verrig."[1] Wat kenmerk hierdie nuwe uitkyk?

a. Die Ontwikkeling van die Skeppende Uitingsvermoë ter Verryking van die Sosiaal-ekonomiese Omgewing.

In die eerste plek het ons hier te doen met 'n verskuiwing van tekene as taal na tekene as skoonheid. In die tweede plek word die waarde van kuns nou gesien vanuit die produsent sowel as die verbruiker se oogpunt. Die doel is nou om die kind op te voed tot 'n esteties-konstruktiewe lewe deur kuns wat die gemeenskapslewe sal verryk; „the development of an atmosphere of creative living through art, that will enrich the communal life.[2] Die kenmerke van hierdie nuwe uitkyk kan dan soos volg opgesom word:

(i) 'n Realisering van die wêreld waarin ons lewe in plaas van 'n verering van die oue.

(ii) Lewendige uiting van die kind se ervaringe in plaas van historiese en professionele feite en nabootsings.

(iii) Ongebonde aktiwiteit in plaas van afhanklikheid van vaste reëls en teorieë.

(iv) Uiting van persoonlike reaksies op fundamentele wette van individuele groei in plaas van 'n strewe na volmaaktheid in waardigheid en akkuraatheid, feite en werklike voorkoms.

---

1. Verslag van Direkteur van Onderwys 1937, 93.
2. Lismer: The Teaching of Art in Primary and Secondary

(v) Kuns as 'n sosiale vak in verband gebring met persoonlikheid en selfuiting in plaas van 'n geïsoleerde vak in verband gebring met bekwaamheid, bedrewenheid en uitvoering.

(vi) Oorspronklikheid van kind se idee in plaas van nabootsing, kopieer en akkuraatheid as wenslike gewoontes.

(vii) Karakter, met trots op eie prestasie as wenslike strewe, waarby die kind sy eie standaard bepaal in plaas van uniformiteit in resultate gebaseer op grootmensstandaarde.

(viii) Drang na persoonlike skoonheidsbelewing en skeppende uiting in plaas van respek vir en kennis omtrent kuns (nie van kuns nie).[1)]

Die doel van kuns in ons alledaagse lewe is om op ons eie natuurlike manier uiting te gee aan ons gevoelens en gedagtes, om sodoende vas te lê wat vir ons mooi en skoon is, sodat ons tot nut kan wees vir die gemeenskap waarin ons lewe en saam 'n kultuur van ons eie opbou. Kuns is nie 'n gier slegs van enkeles nie; dit is 'n leefwyse, 'n belewing of ervaring, wat hom openbaar in terme van skoonheid en vakkundigheid. „Die kuns moet as 'n noodsaaklike lewensfaktor en nie as 'n verfynde begaafdheid beskou word nie."[2)] So word dan ook die kind se belangstellings en uitings van sy persoonlike reaksies teenoor die lewe openbaar gemaak deur kuns. Ons moet dus slegs 'n goeie gesindheid teenoor kuns by die kinders ontwikkel. Ons doel kan dan alleen bereik word wanneer kunsaktiwiteite gekorreleer word met ander aktiwiteite in die skool. Verbeelding en uiting moet 'n deel van alle leervakke vorm.

b. <u>Beklemtoning van Handwerkaktiwiteite deur Aktiewe Leerkragte.</u>

Dit was inderdaad 'n edele doelstelling waardeur die esteties-opbouende funksie van kunsonderwys beklemtoon word. Die praktyk kon egter nie tred hou met hierdie verreikende omwenteling nie, deels omdat dit hoofsaaklik van oorsee ingevoer is en dus vreemd was vir onderwysers en kinders

---

1. Lismer: The Teaching of Art in Primary and Secondary Schools and Training Colleges, 7.
2. Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief Deel IV,

in ons provinsie, en deels omdat dit 'n diepgaande kennis van die sielkundige aspek van kinderkuns vereis het. Ons leerkragte was nie daartoe voorberei of opgelei nie. Die gevolg was dat die meeste van ons leerkragte die vak as te moeilik beskou het. Sommiges het die onderrig laat bly soos dit vroeër was; andere het van die probleem ontslae geraak deur kunsonderwys heeltemal uit hulle leerplan te elimineer. Inspekteur Lighton rapporteer in 1939: „Teken, skynbaar die Aspoestertjie van die skoolvakke word tot die begaafdhede van min onderwysers gereken."[1] Die idèe het posgevat dat die onderwyser alleen tot skeppende uiting kan opvoed wanneer hyself in daardie opsig kan presteer, met die gevolg dat ywerige leerkragte wat die werk nie heeltemal wou staak nie, hulle al hoe meer toegespits het op handwerksoorte of vlyte waarin dit vir hulle makliker was om te kan presteer. Die skeppende uiting is al hoe meer in die kanale van praktiese handwerksoorte gestuur, veral sodanige aktiwiteite wat in direkte verband met die praktiese lewe staan.

c. <u>Kunsvlyt - die Nuttigheidsgrondslag.</u>

Om aan die behoefte vir spesiaal opgeleide leerkragte te voldoen, is in 1940 'n begin gemaak met spesialiseringskursusse aan ons Kolleges. Die term "kunsonderwys" is nou vervang deur „kunsvlyt", wat ongelukkig 'n foutiewe vertaling van die Engelse term „Art and Craft" is, en wat fatale gevolge meegebring het. Deur ons leerkragte is kunsvlyt dan ook tereg in die sin van „art-craft", dit wil sê kunstige handearbeid vertolk. In ons skole is die klem nou verskuif van kuns na handwerksoorte wat die kind behoort te kan doen ooreenkomstig die behoefte van sy omgewing.

In die leerplan van 1942 word gemeld dat die onderrig „soveel moontlik nuttigheid tot grondslag moet hê."[2] Die stellings en beginsels soos uiteengesit deur Lismer word aanvaar met dié verskil dat hulle nou meer op handwerkaktiwiteite in plaas van kunsaktiwiteite toegepas word. Die pendulum het nou

---

1. Verslag van Direkteur van Onderwys 1939, 85.
2. Transvaalse Onderwysdepartement. Voorgestelde Leerplan vir Kunsvlyt 1942, 2.

weer na die ander uiterste begin swaai, naamlik die ekonomiese aspek wat utilitaristies en industrieel georiënteer is. In 'n mate kry die doel nou ook 'n akademiese strekking; „... bowendien hoort 'n vak wat koördinasie van die spiere ontwikkel en handvaardigheid aanmoedig, in iedere moderne leerplan tuis."[1] Die waarde lê nou meer in die proses of aktiwiteit self. So bevat dan die leerplan feitlik 'n opsomming van alle moontlike handwerksoorte en aan elkeen word blykbaar eweveel opvoedkundige waarde geheg.

(i) Onsekerheid in die Praktiese Uitvoering van Kunsvlyt.

In die praktyk het kunsvlytonderrig sy doel gemis, deels op grond van bogenoemde dubbelsinnige vertolking van die term en deels op grond van ontoereikende toerusting en materiaal. Die leerkrag se bekwaamheid as kunsvlytonderwyser is nou getoets op grond van sy vernuf om van afvalmateriaal en tuisgemaakte toerusting gebruik te kan maak. So rapporteer inspekteur Du Toit in 1943: „Hierdie moeilikheid (om voorrade te bekom) openbaar beide die vindingrykheid van sommige onderwysers en die gebrek aan inisiatief by ander."[2] Die Onderwysers het nou koers verloor en op 'n luk-raak manier hulle pad probeer vind, sodat inspekteurs Markotter en Meyer moes rapporteer: „Kunsvlyt ontvang baie aandag, maar dit is jammer, hoewel dit verstaanbaar is, dat daar soms in verkeerde rigtings gestuur word."[3]

Om diensdoende onderwysers te hulp te kom, is in 1943 oorgegaan tot die aanstelling van kunsvlytopsigters wat in naam verbonde was aan die kolleges en in noue kontak moes bly met die werk wat daar ten opsigte van hulle vak gedoen word.[4] Ongelukkig is die kontak met die werk aan die kolleges totaal verontagsaam en is ook die leerplanne opgestel sonder oorlegpleging met die kollegepersoneel. Die gevolg was dat ook die

---


1. Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplan vir Kunsvlyt 1942, 2.
2. Verslag van Direkteur van Onderwys 1943, 76.
3. T.a.p., 43.
4. T.a.p., 12.

sienswyse van onderwysers wat tot die professie toetree, al te dikwels gebots het met die van die opsigters.

Hoewel die leerplan van 1948 oor die algemeen baie ooreenstem met die van 1942, is dit egter opvallend dat hier bygevoeg word: „Elke kind in die laerskool behoort in kuns onderrig te ontvang."[1] Een van die vlyte sou voldoende wees. Die algemene neiging vandag is dan ook om aan kuns weer sy regmatige plek in die opvoeding terug te besorg en om sy esteties-kulturele funksie te herstel. Hier dien daarop gelet te word dat kuns 'n skoonheidsbelewing is wat veral deur die estetiese gevoel bepaal word en esteties-opbouend is, terwyl kunsvlyt 'n aktiwiteitservaring is wat veral deur die intellek bepaal word en motor-konstruktief van aard is. Laasgenoemde vorm dus slegs 'n onderafdeling van die wyer begrip van kuns.[2]

6. Slot.

Die historiese ontwikkeling van doelstellings kan ons dan in hooftrekke as volg diagrammaties saamvat:




1. Transvaalse onderwysdepartment: Voorgestelde Leerplanne vir Grade - Standerd VIII, 1948, 198.
2. 'n Kritiese bespreking van die huidige doel volg onder Afdeling C.

Die groot moeilikheid in die verlede was:

(i) Afdwinging van oriëntasies en doelstellings wat nie uit ons eie geledere voortgespruit het nie, maar van elders ingevoer is, en

(ii) Toepassing van nuwe doelstellings voordat die onderwysers daartoe voorberei was en verskaffing van hulp op 'n tydstip waar 'n hernude oriëntasie reeds weer voor die deur gestaan het..